Psalm 131

Pinkster 6: "Geborge, veilige, en tevrede"
NG gemeente Berg-&-Dal, Donderdagaand (18:00), 02 Junie 2022.

† Toetrede:

Verwelkoming:

Lied: 128 (1-3) "Geseënd Hy wat handel"
521 (1-2) "Erkentlik deur die dae"
524 (1-3) "God roep ons om met woord en daad"

"Alles begin met die Verlange"
Alles begin met die verlange,
in die hart is altyd plek vir meer,
vir iets mooiers,
vir iets groters.
Dit is die mens se grootsheid en nood:
verlange na stilte,
na vriendskap en liefde.
En waar verlange gestil is,
kom dit net sterker na vore.
Het u menswording, o God,
nie begin met hierdie verlange na die mens nie?
So, laat ons verlange daarmee begin,
om U te soek,
en laat dit eindig, as ons U gevind het."

- Nelly Sachs "Alles beginnt mit der Sehnsucht" (Kruger 2020:202)

Toenaderingslied: Lied 511 (1-2) "Lei U ons, Lig"

Aansteek van die wydingskers:

Aanvangswoord: Ps. 124:8

V: Ons hulp is in die Naam van die Here
G: wat hemel en aarde gemaak het.

Seëngroet: (N.a.v. Jes 49:15-16a & Ps. 134:3)

Loflied: Lied 203 (1-4) "Loof die Here, al wat lewe"

Verootmoediging: N.a.v. Psalm 130

V: Ek wag op die Here; my siel wag, en ek hoop op Sy woord.
G: By U, Here, is daar geen duisternis nie.
V: My siel wag op die Here meer as die wagters op die môre.
G: By U, Here, is daar geen duisternis nie.
V: O Israel, vestig jou hoop op die Here,
want by die Here is troue liefde,

by Hom is volkome bevryding.

G: By U, Here, is daar geen duisternis nie.

V: Eer en heerlikheid aan die Vader, die Seun, en die Heilige Gees.

G: By U, Here, is daar geen duisternis nie.

Stilte ...

"Ons soek God en vind Hom nie in lawaai en rusteloosheid nie.
God is die vriend van stilte.
Die natuur, die bome, die blomme en gras groei in stilte.
Die sterre, die son, die maan beweeg in stilte."
- Moeder Teresa.

V: Uit die dieptes roep ek U aan, o Here!

G: Here, hoor my stem!

V: Laat u ore luister na die stem van my smekinge.

G: As U, Here, die ongeregtighede in gedagtenis hou,
Here, wie sal dan bestaan?

V: Maar by U is vergewing, dat U gevrees mag word.

G: Ek wag op die Here, my siel wag, en ek hoop op sy woord.
My siel wag op die Here meer as die wagters van die môre,
My siel wag op die Here meer as die wagters van die môre.

V: O Israel, wag op die Here,
want by die Here is die goedertierenheid,
en by Hom is daar veel verlossing;
Hy self sal Israel verlos van al sy ongeregtighede.

Sang: Lied 578 (1-3) "Jesus wat my liefhet, Heer"

† Woordverkondiging:

Skriflesing: Psalm 131

Epiklese: Lied 119 (26) "Maak oop u woord, laat dit my voorlig"

Prediking:

Gebed: *Stilte ...*

Sang: Lied 512 (1) "Nader, my God, by U"

Voorbidding:

† Uitsending:

Aankondiginge:
Uitsendingslied: Lied 601 (1, 3, 5) "Dié wat die Here wil dien"
Seënbede: Num. 6:24-26 & **"Amen" (Lied 314).**